

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

'N WELGELUKSALIGE LEWE

Geseënd is die man wat nie wandel in die raad van die afvallige en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; maar sy behae is in die Torah van Yahweh, en hy oordink sy Torah dag en nag. En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit. Psalm 1:1 tot 3 (Woord en Getuienis)

Wil jy wel, gelukkig en salig wees? Psalm 1:1 tot 3 beskryf wat jy moet doen om 'n welgeluksalige lewe te hê. *Wel* beteken dit gaan goed en goeie gesondheid. *Gelukkig* is 'n gemoedstoestand van vreugde en blydschap, terwyl *salig* beteken om geseënd te wees en voorspoed te beleef. Om welgeluksalig te wees beteken dus dat dit goed met jou gaan, want jy geniet gesondheid en is gelukkig, asook geseënd en voorspoedig. Welgeluksalig beteken om in 'n benydenswaardige posisie te wees. Is jy welgeluksalig? Begeer jy dit?

Om welgeluksalig te wees moet jy drie dinge **nie doen nie** (Ps. 1:1). Eerstens moet jy nie na die raad van die afvalliges (goddelose) luister nie. Nee, jy moet die raad van YHVH volg en dit in jou lewe toepas. YHVH se raad (advies, doel) word in Sy wet, naamlik Torah uiteengesit en is die liefdevolle Vader se onderrig in geregtigheid. **Moet dus nie die raad van diegene volg wat YHVH se Torah verwerp het nie!!** Leef jy in gehoorsaamheid aan YHVH se Torah? Die tien gebooie is YHVH se "kontrole lys" en is die tien beginsels waarop Torah (die wet) gebou is. Is jy gehoorsaam aan al tien gebooie? Indien jy een gebod verwerp is jy ongehoorsaam en verwerp jy inderwaarheid al tien, want die tien gebooie is deel van wie en wat YHVH is – deel van Sy wese. Om enige gebod te verwerp, is om YHVH te verwerp en dan dien jy nie YHVH nie, maar wel 'n afgod.

Tweedens moet jy nie die pad saam met die sondaars loop nie. Sonde is wetteloosheid, naamlik oortreding van Torah wat YHVH se onderrig en instruksies is (1 Joh. 3:4 en 5:17). Om nie die pad saam met sondaars te loop nie, beteken om nie deel te hê aan sonde nie, maar om heiligmaking na te streef (1 Pet. 1:15 en 16). Gehoorsaamheid aan Torah is die leefwyse van elkeen wat deur geloof geregverdig verklaar is en is die pad van heiligmaking (*to be set apart*). Ongehoorsaamheid aan Torah is die weg van die sondaar.

Laastens moet jy nie met YHVH die Almagtige spot nie. Hoe spot jy met YHVH? Indien jy die Woorde van Torah verontagsaam of enige deel daarvan, verhef jy jouself bokant YHVH en word jy 'n spotter van Hom. YHVH jou Elohiem is jou Hemelse Vader en om Sy "huisreels" te oortree is om die spot te dryf. Sal jy met jou aardse vader die spot dryf? Yeshua Messias is die Lewende Torah – die Woorde van YHVH wat vlees geword het. Om enige deel van hierdie lewende Woord van YHVH te verwerp, is om Yeshua te verwerp en 'n spotter te wees, want jy verhef jouself bokant hierdie Woord.

Dan is daar een baie belangrike ding wat jy moet doen om welgeluksalig te wees, en dit is om jou behae in die Torah (die wet) van YHVH te vind en dit dag en nag te oordink (Ps. 1:2). In hierdie verband verwys die Torah van YHVH nie net na die tien gebooie nie, maar na al die onderrig en instruksies soos in die Skrifte (Bybel) vervat is. YHVH se Torah moet vir jou 'n 24 uur per dag vreugde en begeerte wees. Dit is om jou behae in al YHVH se onderrig en instruksies te vind en om dit in jou lewe toe te pas. Jy moet nie net 'n hoorder van Torah wees nie, maar ook 'n dader daarvan.

En word daders van die woord en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie. Want as iemand 'n hoorder van die woord is en nie 'n dader nie, daardie een is soos 'n man wat sy natuurlike gesig in 'n spieël sien; want hy sien homself en gaan weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het. Maar hy wat diep insien in die volmaakte Torah van die vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, geseënd wees in wat hy doen.

Jak. 1:22 tot 25.

Let op hierdie woorde: **Maar hy wat diep insien in die volmaakte Torah van die vryheid en daarby bly, hy sal, omdat hy nie 'n vergeetagtige hoorder is nie, maar 'n dader van die werk, geseënd wees in wat hy doen.** Die Torah is volmaak, want dit is heilig, goed en regverdig (Rom. 7:12). Gehoorsaamheid aan Torah maak ons vry van die slawerny van sonde nadat ons skuldbrief aan die folterpaal deur Yeshua vas genael is (Kol. 2:14). Torah gehoorsaamheid is die proses om gelykvormig aan Yeshua Messias te word (Rom. 8:29) deur die venuwing van jou gemoed (Rom. 12:2). Daarom sal hy wat 'n dader van Torah is, *geseënd wees in wat hy doen*. Hierdie is bevestiging van die woorde in Ps. 1:1 tot 3.

Indien jy 'n hoorder en dader van Torah is, sal die belofte van Ps.1:3 in jou lewe waar word. Jy sal voorspoedig wees in alles wat jy doen. **Jy sal welgeluksalig wees!** Jy sal soos 'n boom wees wat gevoed word uit YHVH se onuitputlike bron van voorsiening. Daar sal vrug in jou lewe wees – vrug van voorspoed, geluk, vrede en geestelike seën.

Die teendeel is egter ook waar. Daardie persoon wat nie dit doen wat in Ps. 1:1 en 2 beskryf word nie, word vergelyk met 'n goddelose wat soos kaf is

wat deur die wind weggewaai word. So `n persoon kan nie `n welgeluksalig lewe deelagtig wees nie (vers 4).

Indien jy geen brandende begeerte (passie) vir YHVH se Torah het nie, en nie jou gedagtes, woorde en daede volgens Torah rig nie, sal jy nie die Vader waarlik ken nie. Hierdie gebrek aan kennis, en die feit dat Torah nie jou daaglikse lewe rig nie, het dikwels teenspoed en hartseer tot gevolg. Luister na die woorde van die profeet Hosea en Jesaja:

My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis; omdat jy die kennis verwerp het, sal Ek jou verwerp, sodat jy vir My die priesteramp nie sal bedien nie; omdat jy die wet van jou God vergeet het, sal Ek ook jou kinders vergeet. Hos. 4:6.

Daarom gaan my volk in ballingskap weens gebrek aan kennis, en hulle aansienlikes word hongeryers en hulle menigte versmag van dors. Jes. 5:13.

Let daarop dat bogenoemde Skrifte na YHVH se volk verwys en nie na die ongelowiges nie. Hierdie is `n teregwysing en waarskuwing van Abba YHVH aan Sy kinders. Om YHVH Yeshua intiem te ken en om `n Torah gehoorsame lewe te leef is die belofte van `n welgeluksalige lewe. Onkunde of verwerping van Torah maak die deur oop vir die dief om te slag, te steel en te verwoes. (Joh. 10:10).

Mense is nie welgeluksalig omrede hulle nie Ps. 1:1 en 2 in hulle lewens toepas nie.

Dikwels sal gelowiges YHVH blameer deur te sê dit is Sy wil indien hulle nie welgeluksaligheid beleef nie. Is teenspoed, siekte, hartseer, ensovoorts die wil van `n vader vir sy kinders? Nee!!! Hoekom sal dit dan die wil van jou Hemelse Vader wees? In die lig van Psalm 1, Hosea 4:6, Jeremia 5:13, en vele ander Skrifte in die verband, kan die vraag wel gevra word of jy en ek nie dalk dikwels self te blameer is nie? Deur YHVH die skuld te gee indien jy nie welgeluksalig is nie, is om jouself te onthef van enige verantwoordelikheid. Hoe kan jy die Vader blameer in die lig van Psalm 1:2 en 3? Hy belowe tog dat jy in alles voorspoedig sal wees indien jy jou behae vind in Sy Torah. dit ken, verstaan en toepas. Verder belowe YHVH in Ps. 23:1 dat Hy in al jou behoeftes sal voorsien op so `n wyse dat jy oorvloed sal hê (vers 5). Onthou, YHVH is nie `n mens wat sal lieg nie en daarom sal Hy alles wat Hy sê en belowe, doen (Num. 23:19). By YHVH is daar geen verandering of skaduwee van omkering nie (Jak. 1:17). Hy is gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde (Heb. 13:8).

Vra jouself die volgende: Vind jy jou behae in Torah? Het jy passie vir YHVH Yeshua en Sy Torah? Onthou: Liefde is `n sterk gevoel van toegeneëndheid, terwyl passie `n intense begeerte en oorweldigende gevoel en opgewondenheid is. Is YHVH se Torah jou passie, vreugde en begeerte? Indien wel sal jy tyd inruim en moeite doen om dit dag en nag te oordink en

dit in jou lewe toe te pas. Jy sal jou beywer om te doen wat Psalm 1:1 en 2 beskryf.

Is YHVH jou eerste keuse of is Hy jou laaste uitweg? Staan jy elke dag op met 'n brandende begeerte om jou Vader meer intiem te ken as gister en meer van Sy krag in jou lewe te ervaar? Groei jy daagliks in Torah gehoorsaamheid? Is dit jou ywer om jou gedagtes, woorde en daede in lyn met Torah te bring? Kan jy ook soos Jeremia vir YHVH antwoord en sê?

Toe u woorde gevind is, het ek hulle opgeëet, en u woord was vir my vreugde en vrolikheid vir my hart; want u Naam is oor my uitgeroep, YHVH, Elohiem van die leërskaare! Jer. 15:16

Die profeet Esegïel het ook aangaande YHVH se woord gesê: *En ek het dit geëet, en dit was in my mond soos heuning so soet (Eseg. 3:3).*

Wil jy welgeluksalig wees en lewe? Dan moet jy Torah soos voedsel eet dat dit kan verteer en deel van jou lewe word. Jy moet gereeld daarvan eet sodat jy geestelik kan groei tot 'n standvastige vertroue in YHVH!

Jou welgeluksaligheid is nie net YHVH se verantwoordelikheid en besluit nie. Nee, jy het ook 'n baie belangrike aandeel in jou welgeluksaligheid. Kom jy jou verantwoordelikheid na? Die bal is in jou hande! Wat gaan jy daarmee doen?

My seun, luister na wat ek sê, neig jou oor tot my woorde, laat hulle nie wyk uit jou oë nie, bewaar hulle binne-in jou hart. Want hulle is die lewe vir die wat hulle vind, en 'n genesing vir hulle hele liggaam. Spr. 4:20 tot 22.

Wat kies jy vandag? YHVH laat die keuse aan jou en my oor. Kies jy die lewe of die dood; die seën of die vloek? Jou besluit gaan 'n invloed op jou nageslag hê!!

Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag,

Om YHVH Yeshua waarlik lief te hê, is om aan Torah gehoorsam te wees (Joh. 14:21, 23 en 24). Liefde word bevestig deur gehoorsaamheid. Gehoorsaamheid beteken 'n welgeluksalige lewe.

Ongehoorsaamheid aan Torah is liefdeloosheid en dus wetteloosheid wat as vloeke manifester!!

Kies vandag 'n welgelukkigsalige lewe van Torah-gehoorsaamheid!!

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom
Johan

E-pos: kontak@nuweliëd.info

Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.

GB2.Apr11WelgeluksaligLewe